

UIT KANNA HY KÔ HYSTOE

Deur
ADAM SMALL

Makiet is 'n ou vrou in n rystoel; sy is half blind. (Sy speel uit haar stoel wat sy nie verlaat nie, met haar stem, met lyfgebare, en met haar half-blinde oë. Haar ruimte bly nie staties nie; dikwels moet sy haar stoel self beweeg.)
Adam Small

MAKIET:

Wat maak hulle, Kanna? Moenie vir my jok nie, Kanna... Goodbye...
Diekie... Goodbye. *[Sy huil]* Diekie! *[Wuif met die sakdoek en huil]*
Toe maar, Kanna. Ons kan maar... onthou.

Hulle't vir Kietie gekom kyk, en ook vir Poena. Toe vat hulle vir Kietie en vir Poena na die morgue toe weg... Maar ek het vir die poelies vir Kietie weer teruggevra, laat ek haar selwers kan ytlê vir die kis. Sy was tog my kind gewies. Dit was 'n mooi begrafnis gewies, daar was so baie mense gewies, raai. Die mense het vir Kietie baie liefgehad. Ek het nie eerste van Diekie gewiet voor weke daarna nie, toe ek moes getyg in die koort nie...

Die Here vergewe my... Dit was nie alles my skuld gewies nie. Paans was doot op die plaas... so was daar niks vir ons gewies nie... toe moet ons ook maar trek, wat het ons tog gekon doen op die plaas. Toe sit ons maar die hysgoed op die karrentjie... *[Peinsend, gelate]* Toe vang hulle vir Kittie toe sy klein was... Sy was net sewe jaar oud gewies, en toe vang hulle weer vir Kietie toe sy groot was, Jakob se meisie. Toe vang hulle weer vir Kietie, ja. Toe... kry Kietie 'n kind van die "rape". Toe's Jakob doot... en Kietie sy was toe nie meer reg in haar kop gewies nie... Toe trou Kietie soemaar met Poena. Toe't ek beginne ytvinne van die slegte Poena, laat hy vir Kietie vir hom laat geld maak het moet haar lyf. Eerste Poena het geprobeer om my weg te hou van die hys. Ek moet sê hy was so sleg gewies, maar hy't altyd geprobeer om my mooi te triet. Ek moet sê hy was nooit juis onbeskof moet my nie. Maar toe't ek uitgevinne en ek het tog niks geprobeer om te doen

nie, ek kan nie verstaan nie. Maar Poena was agter alles gewies. Hy't die manne gestuur na Kietie toe. Vie die geld, hul het... betaal, ja. En Kietie was bang vir Poena. Maar Kietie sy't toe vir ons gesôre oek, want Pang was oek doot. Nie, ek het maar niks geprobeer om te sê nie. Hulle was getroud gewies en alles, hoewel ons was baie daartien gewies, maar soos dit hore. Nie in die kerk nie maar darem voor die magistraat.

Dis die slegste part daarvan hoekom Poena so sleg gewies het. Poena hy wil baie geld maklik gehad het, kôs hy't gedrink en dit kos geld, your lordship... En oek die dagga, so Poena het nie gekan werk nie. Die dagga maak so your lordship, hy't selwers nie eerste meer same moet Kietie gemaak nie *[Hard om hom te laat begryp]* your lordship wiet, gemáák nie, ek het tog gewiet dit was net langesaan die kombys gewies, hulle kamertjie. *[Peinsend]* Poena hy't seker anner plek gemaak, ja... Hy wil net die geld gehad het want Kietie sy was 'n mooi kind your lordship. So't hy vir Kietie met die anner manner laat maak, your worship, vir die geld... So hy't vir Kietie net so gelaat staan, dan kom al die anner, hulle al het gekom. So later in die aand se kant het Kietie begin te hyl, soggens kan sy nie roer nie... your lordship, en ek het niks geprobeer om te sê nie, Poena hy sil ons dootgemaak het, en Kietie het vir my gesôre oek. Nie, ek het niks gesê nie en in die aand het hulle alweer gekom, ek kan vir jou die kooi wys, meneer! *[Verskrik]* Poena hy sil ons dootgemaak het...

Poena het die geld gehad. Hy het... your lordship. Nie, nie alles nie. Elke keer laat Poena die geld gekom haal het, het Poena altyd genoeg gelaat staan vir ons. So was hy nie regtig so sleg gewies nie! So Diekie het ook altyd iets by my gekry... So het ek maar altyd vir him iets gegie... van Poena se geld...

Poena hy't nooit gesê wanneer hy gaan kom nie, maar altyd was dit in die aand in gewies... in die aand in laat hy kan sien of Kietie werk. Kietie was bang vir hom gewies... Sy was eintlik al klaar doot gewies, want sy was 'n plaasmeisie. Ons het ook altyd die Bybel gehad, so

maak dit sieker nie saak nie, sy was al klaar doot gewies... Toe't Kietie pregnant geworre, meneer; toe't sy weer 'n anner werk wil gedoen het. Maar Poena, hy't gesê: Nie, daar's nie geld daarin nie, daar's nie profit nie. Nie. Hy wil niks geverstaan het nie. Die dagga het hom gehad. Nie, ek praat nie vir Kietie skoon nie, sy's sieker nie skoon te praat nie, maar toe't sy regtig nie meer gekan nie, hóór jy, meneer. Want sy't toe die bybie gaan kry... So toe stop ek hulle die aand; toe stop ek hulle; ek het vir hulle mooi geverdydelik... En raai hulle't almal geloep, hulle't respek vir my gehad altyd, ek kan nie kla nie...! Toe... kom Poena die aand! Toe kom Poena dieslefde aand en wel, hy't niks eintlik gesê nie. Nie, hy't met Kietie gegaan lê... Ek was so bly want dit was lank laas gewies soos ek geverdydelik het. En Kietie sy't niks gesê nie, sy't oek maar gehoep Poena kom... maar daai was net haar verkierd gewies... Wel, toe hy klaar is, toe staan hy van Kietie af op. Maar hy was mal gewies van die dagga, sê ek. O so, sê hy vir Kietie. Ek het gedink jy's te moeg, jy kannie werk nie... Toe't Kietie wit geworre soos 'n lakent. Snakks, dis nie toe laat ek die eerste beroerte gekry het moet my hart nie, nie, maar toe't ek Kietie se lyk ytselê het... vir die kis... maar, raai, die aand... Ek het die aand gedink wat gaan Poena met my maak, en hy't tog niks gemaak nie, raai, nie eerste na my toe gekyk nie. Kompliet of hy my nie eerste gesien het nie. Maar hy was baie kwaad vir Kietie dat sy die bybie gaan kry... hy was mal van die dagga. Hy't net dit afgevat van die hakkie agter die kombuisdeur, die polies het dit weggeneem... Diekie het dit by Poena gegryp... nalat Poena vir Kittie... geslaan het daarmee. Hy't haar doodgemaak, die slegte Poena. Kietie my kind... O, Here God, help my, Kietie sy't die hele nag deur geskrou, dit was eerste die oggen toe sy yt, toe sy doot... Diekie het dit by die verdwaasde Poena gegryp 'n hom hard daarmee geslaan. Ek het nie eerste gewiet Diekie hy was daar in die hys nie. Ek het hom eerste gesien... Ek wiet nie wanneer is Diekie daaryt nie... Diekie my kind, hy was toe my ienagste kind, Diekie. *[Sy is hysteries]* Poena, hy was doot... ja... Kietie sy't die hele

nag deur geskrou. Toe's Kietie yt, toe's Kietie doot. Toe ek weer sien,
toe sien ek die plek... daar... wat Kietie pregnant gewies het...
meneer... Poena hy't die kind gekap, meneer! O Here God help my.
Ja... ja... met die handbyltjie.

Goodbye Diekie... Goodbye! Diekie!

---ooOoo---

(Uitgewers: Tafelberg)